Hoe om die aanlyn Aansoek om Toelating vir 2023 te voltooi

1. Gaan na die skakel op ons webbladsy: https://www.scadco.co.za/scadco2/home/admissionsbranded?id=0006

2. Registreer uself om die nodige aanteken inligting te skep



3. U sal 'n wagwoord per sms en per epos ontvang. **Stoor die wagwoord op 'n veilige plek**.

4. Teken in met u e-posadres en die wagwoord wat vir u gestuur is.

5. Op die tuisblad sal die volgende verskyn: Klik op *"Create New Student"*

6. Sleutel u kind se naam en van in en kies Hoërskool Waterkloof



7. Klik op u "Personal Information"



8. Voltooi alle afdelings deur op die afdeling te klik



Verpligte velde word in **drukskrif** en met 'n asterisk* aangedui. Maak asb seker die velde is ten volle voltooi. **NB: Moet asseblief nie hoofletters gebruik nie**

Indien u geen inligting in 'n veld kan insleutel nie, kan u slegs "geen" insleutel

9. **Afdeling A:** Leerder inligting – is van toepassing op die nuwe leerder wat u inskryf vir 2023, ***maak asseblief seker dat u die korrekte graad invul aangesien dit die vakkeuse afdeling beinvloed***

Afdeling B: Familie – sleutel asb die leerder/s se naam / name in wat tans in Hoërskool Waterkloof is

Afdeling C: Noodgevalle - Naasbestaande wat gekontak kan word indien ouers nie beskikbaar is nie

Afdeling D.1 en 2: Moeder en Vader se inligting – voltooi asseblief volledig

Afdeling E: Afgestorwe ouers – voltooi as een / albei ouer/s van die leerder oorlede is

Afdeling F: Mediese inligting – voltooi asseblief volledig

Afdeling G: Akademiese en Sport toekennings – slegs die laaste 2 jaar se toekennings is van belang

Afdeling H: Vakkeuse - besoek die Akademie skakel op die skool se webblad www.klofies.co.za

indien u meer inligting rakende 'n vak benodig

Afdeling I: Persoon verantwoordelik vir rekening – voltooi asseblief volledig

Afdeling J: GDO Registrasie – **SLEGS VAN TOEPASSING OP GR 8/ 2023 AANSOEKE** *die gedeelte kan eers voltooi word sodra ons kennis neem van wanneer die GDO aanlyn platform open, dus kan u nie nou enige inligting daar invul nie*

10. Sodra u alle afdelings volledig voltooi het, klik u weer op die tuisblad



11. Klik op " Supporting Documentation" om die volgende dokumente op te laai:



- Afskrif van u kind se geboortesertifikaat;
- Afskrif van beide biologiese ouers se ID-dokumente;
- Nuutste rapport of vorderingsverslag;
- Bewys van adres;
- Bewys van registrasie op GDO online en waglysnommer (kan deurgegee word sodra die GDO aanlynplatform open).

12. Klik op "*Outstanding information*" om seker te maak dat alle verpligte velde voltooi is



13. Klik op "*Print Application Form*" om die aansoek te druk wat onderteken moet word en by die skool ingehandig word. **Kies Hoërskool Waterkloof** en druk alle bladsye wat op die skerm verskyn

14. **Klik op "*Submit Application*"**

15. Kies Hoërskool Waterkloof en klik op "*Submit Application*"



16. Lees die vereistes vir inskrywing deeglik deur en klik op die blokkie dat u kennis neem van die vereistes
17. Klik op "*Dien aansoek in*"
18. Stoor die volgende nommer
19. U sal 'n epos ontvang wat die inskrywing bevestig

Ouers word slegs per afspraak op die skoolterrein toegelaat

Vir ons personeel en ook vir u eie veiligheid versoek ons dat u asseblief die onderste veiligheidsreëls sal nakom:

- **U moet asseblief op die parkeerarea naaste aan die sporthek parkeer, en by die sporthek aanmeld waarna u afspraak op die lys bevestig sal word,**
- **'n Gesigmasker is verpligtend,**
- **Daar is saniteringspunte by die ingang van die kantoor waarvan u asseblief gebruik moet maak**

Hoe om 'n afspraak te maak om die inhandiging te kom doen:

1. Stuur 'n e-pos aan finansies@klofies.co.za met u kind se naam en van, asook die datum en tyd wat u graag die skool wil kom besoek om die inhandiging te kom doen

2. U sal dan per e-pos bevestiging kry of die datum en tyd geleë is

3. Ons kantoor ure is: Maandag – Donderdag: 08:00 – 13:00 en Vrydag 08:00 – 12:30

4. Ouers sal 'n dag voor hul afspraak 'n herinnering ontvang

Baie dankie vir u samewerking! Ons sien uit om u by die Klooffamilie te verwelkom!